# KOERSVAS

Jaargang 8 Uitgawe 17 18 Oktober 2019




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

**Sekerheid van waarheid**

Daar is een sin wat my vrou se toere die rooi injaag, "Ek is 'n lui mens en daarom kan jy my vertrou om net die waarheid te praat."

Ek persoonlik dink dit is 'n goeie en oulike sin: Die oomblik wat iets verkeerd loop of jy doen iets verkeerd, word die geraamtekas oopgeblaas.

Nou het jy die keuse: Vertel die waarheid, of lieg daaroor. Die waarheid laat 'n mens soms so dom, of onbevoeg, of selfs swak voorkom. Jy kan in groot moeilikheid kom deur die waarheid te verkondig. Ons is tog so geheg aan wat mense van ons dink en sê. Ons is bang vir die gevolge van ons woorde en dade. Baie van die gevolge is werklik, ander is vermeende of geprojekteerde gevolge. Tref die rampspoed, dan lieg ons.

Nou is daar soveel meer om te onthou. Jy onthou die ware gebeure; jy voel steeds die verleentheid of vernedering. Jy moet nou die leuen ook onthou, Jy moet onthou wie weet wat die waarheid is. Jy moet onthou wie het die leuen gehoor. Die bose sirkel van wollerighede word al hoe groter en jou geheue word tot die uiterste getoets. Die leuen kry kleintjies en sommer gou het die leuen jou bestaan oorgeneem. Soms kan jy so oortuigend lieg dat jy amper selfs jouself wil oortuig. Die leuen het goeie spoed en tog is dit telkens die waarheid wat gaan wen.

Dit is waarom ek die waarheid heelhartig ondersteun. Die pyn kom aan die begin. Ek hoef nie die helfte van my denk-kapasiteit te reserveer vir substansielose onwaarhede onthou of nuwes skep nie.

Die waarheid kan ons menigmaal verneder, in die moeilikheid laat kom of verleë laat. Die minimum skade word egter gedoen deur die waarheid onmiddellik te laat seëvier. Hoe later hoe kwater.

Buitendien, as gelowige hou ek vas aan die Here se voorliefde vir die waarheid. Ons Here Jesus het so met die waarheid identifiseer dat dit in die uitspraak "Ek is die weg en die waarheid" uitgeloop het.

Ek wil nie nou weer in 'n tirade losbrand oor die aanvaarding van beskrywingspunt 54 nie. Ons het reeds oortuigend aangetoon dat die beskrywingspunt met 'n stelling wat nie korrek is nie, begin. Die BAKV het nie net die leuen verskans nie, maar ook met die leuen gepaar. Wat bedoel ek?

Die BAKV het met groot meerderheid besluit dat die formulering en besluit nie *ultra vires* is nie. Dit nadat 'n advokaat ouderling (dit is op band) die BAKV oortuig het dat dit die NHKA se hofsaak sal skaad indien die besluit as *ultra vires* verstaan word deur die

kerk. Daardie leuen is reeds goed gedokumenteer. Die verwysing na die BAKV is juis die bewys dat die leuen toe reeds kleintjies begin kry het. Ten spyte van besware, is die buitengewone sitting van die 69e AKV die BAKV genoem, net om mense 'n rat voor die oë te draai. Wat is die leuen? Die notule van daardie vergadering verwys daarna as die *buitengewone sitting van die 69e AKV,* terwyl dit in kommunikasie binne die kerk en na buite steeds die BAKV genoem word. Gaan maar die argiewe na.

Net soos die leuens wat nou die lojale hervormers paai: Die NHKA het nou 'n nuwe korporatiewe identiteit, maar gaan die ou wapen behou. In korrespondensie na binne sal die ou wapen gebruik word, terwyl die nuwe korporatiewe embleem in korrespondensie na buite gebruik sal word. Lidmate sit heel tevrede en vertel mekaar dat niks verander het nie, want "kyk, die ou kerk wapen is nog op die Kommissie se korrespondensie". Mense van buite word dalk beïndruk deur die moderne ikonografie en leuse. Wie word belieg?

Die verwysings na die GHG en die hofsaak het vele voorbeelde van leuens opgelewer. Nie almal blatante Gysie-Grootlieg-stories nie. Die goeie leuen het altyd 'n goeie dosis waarheid in hom opgesluit. Daar is net genoem stellings gemaak wat nie korrek is nie, om die GHG en die GHG predikante demoniese vyande van die NHKA te maak. Ja, my hart is seer oor alles wat gebeur het. Dalk sal geen kontak met die GHG juis die noodsaak van die waarheid gyselaar hou, laat verdwyn. Ek wil die NHKA nou weereens die hand van vrede reik. Kom ons vergewe mekaar en gaan op ons eie sonderlinge weë. Ek en ons wil tot 'n skikking kom, ons wil vrede hê. En dit is die reine waarheid.

**DAGBESTUUR VERGADER**

Die GHG se dagbestuur het op 11 Oktober 2019 vergader. Die notule van die Bondsvergadering is hanteer en goedgekeur. Die Skriba sal die notule eersdaags uitstuur.

Die kalenderdatums vir 2020 is voorgestel en hierdie datums sal ook aangestuur word.

**KOERSVAS EN DIE SKIETLOOD**

Die vergadering het die redaksie se voorstel rakende die frekwensie van hierdie twee publikasies aan te pas, aanvaar. Koersvas en Die Skietlood sal daarom met ingang van Jaargang 8 maandeliks verskyn.

18 Oktober 2019
15 November 2019
13 Desember 2019
17 Januarie 2020
14 Februarie 2020
13 Maart 2020
17 April 2020
22 Mei 2020
19 Junie 2020
17 Julie 2020
14 Augustus 2020
18 September 2020
16 Oktober 2020
13 November 2020
11 Desember 2020

**BEPLANNING 2020**

Die volgende datums word as voorstel deurgegee: Hierdie is die datums vir **2020**

24 Januarie - GHG Bestuursvergadering
28 Februarie - Afsluiting van finansiële boeke. (Onthou om boeke in te dien vir oudit.)
28 Februarie tot 1 Maart - Majuba fees
1-2 April - Predikante beraad (Kerkwees en verdrukking)
6 April - Van Riebeeckdag

10 April - Goeie Vrydag
12 April - Paas Sondag
13 April - Openbare vakansiedag
Voor einde April Bybelvasvra Gemeente rondte
3 Mei Biddag en dankdag vir oes
21 Mei Hemelvaart
31 Mei - Pinkster
16 Junie - Konsentrasiekampdag
16 Junie - KENNISGEWING: Alle predikante moet Lewensbrood 2021 se dagstukkies indien!!
26 Junie - Laaste dag vir die indiening van alle verslae en beskrywingspunte vir die Bondsvergadering.
10 Julie - GHG Bestuursvergadering.
Agendavergadering te Gemeente Grootvlei.
26 Julie - Bybelvasvra Finale Rondte
24 Augustus - Bartolomeusnag
12 September - Bondsvergadering.
13 September - Biddag en dankdag vir oes
9 Oktober GHG Bestuursvergadering.
Notulevergadering en 2021 beplanning
25 Oktober 2020- Hervormingsondag
28 Oktober - KENNISGEWING:
Lewensbrood 2021 – Laaste dag vir bestellings van Lewensbrood 2021.
16 Desember - Geloftedag
25 Desember - Kersdag

**Skole 2020**

15 Januarie – 20 Maart
31 Maart - 12 Junie
7 Julie – 18 September
29 September – 2 Desember

## BYBELVASVRA 2020

Gemeentes word aangemoedig om aan die bybelvasvra van die Bond deel te neem. Hierdie is 'n wonderlike geleentheid om jou bybelkennis uit te brei en saam met mede-gelowiges die Woord te bestudeer.
Die bestek vir 2020 is as volg:
Algemene Bybelkennis50%
2 Petrus (3 Hoofstukke met 61 verse)

## LEWENSBROOD 2020

Liewe lidmate en gemeentes
Dit is al weer tyd om u bestellings vir LEWENSBROOD 2020-2021 te plaas. Hierdie boek het 'n gewilde Kersgeskenk geword en ons beplanning is van so 'n aard dat ons die produk voor middel Desember wil afstuur. Enkele sake moet onder u aandag gebring word:

- Dit gaan **R130.00 per eksemplaar** kos.
- Bestellings moet voor of op 28 Oktober 2019 geplaas word by Ella ella@geloofsbond.org.za of ella@teamworkprinters.com
- Bestel genoeg eksemplare. Ons kry jaarliks versoeke vir nog eksemplare. Die koste verbonde aan die **herdruk** van die boek is meer as dubbel (ongeveer **R280-R320**)
- U moet verkieslik by bestelling reeds betaal vir u eksemplare.
- Ons gaan geen LEWENSBROOD aanstuur sonder bewys van betaling nie.
- U word vriendelik versoek om u betalings te maak aan die GHG.
  **Bankbesonderhede**
  **Rekeningnaam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes**
  **Bank: Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)**
  **Rekeningnommer: 6243 092 3088**
  **Tak: Pretoria-Noord**
  **Takkode: 250 655**
- Dui duidelik aan dat die betaling vir Lewensbrood is verwysing **LB2020**. Die klein winsie wat ons maak, is net genoeg om die fooie verbonde aan die Internet (webwerf en Bakkiesblad) te dek.

- Bewys van u betaling moet aan Ella gestuur word vir kontrole doeleindes. ella@geloofsbond.org.za of ella@teamworkprinters.com

Ons sien uit daarna om weer 'n kwaliteit produk aan ons getroue lesers te stuur.

Dr Johan Otto

**GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na http://www.geloofsbond.org.za/ (sien skermfoto hier onder.)
Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

**OORNAG FASILITEITE**

**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**
Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**



2019/2020 Kwilt deur die dames van Vivo/Dendron

**Skermskoot van Geloofsbond webwerf te**

**www.geloofsbond.org.za**



Geloofsbond van Hervormde Gemeentes
(/./)

(https://www.facebook.com/geloofsbond)
(https://twitter.com/geloofsbond)
(https://www.youtube.com/geloofsbond)




## SELFVERSTAAN

Die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) se selfverstaan is nie 'n afgehandelde saak nie, want die Bond is steeds besig om sy plek te vind op die grondslag van die Bybels Reformatoriese teologie van die ou NHKA.

Lees meer (/so-glo-ons/selfverstaan)

## SO GLO ONS

Ons onwrikbare geloof in God Drie-enig, ons vashou aan die Bybel as ons enigste kanon, ons aanvaarding van die Belydenisskrifte, die Proponentsformule, dring ons daartoe om te staan by ons geloofsoortuigings. Ons smeekbede is: Help ons, God.

Lees meer (/so-glo-ons/geloofsstandpunt)

## GESKIEDENIS VAN DIE GELOOFSBOND

Ons sien onsself as Hervormers en as die ware voortsetting van die Voortrekkerkerk.
Lees meer oor die geskiedenis en ontstaan van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes.

Lees meer (/so-glo-ons/geskiedenis)